(30)

TIMOL SE MA GETUIG

‚Polisie wou hom pakgee'

Deur 'n Hofverslaggewer

'n Polisieman sou na haar gekom het en gesê het sy kan haar seun nie meer sien nie „want hy moet pak kry".

Só het Ahmed Timol se ma gister in die Johannesburgse landdroshof getuig in die geregtelike ondersoek na sy dood. Timol is op 27 Oktober verlede jaar dood nadat hy uit die 10e verdieping van John Vorsterplein geval het. Hy was aangehou nadat verbode pamflette in sy besit gekry is.

In 'n verklaring het mev. Timol gesê sy het haar seun op Vrydag 26 Oktober laas lewend gesien. Hy is die aand uit die huis uit maar het nie gesê waarheen hy gaan nie.

Saterdagoggend omstreeks 3 vm., het die Veiligheidspolisie by haar huis opgedaag en haar seun se kamer deursoek. Hulle het ook aan haar gesê dat hulle haar seun aanhou.

Op Dinsdag 26 Oktober, het drie lede van die Veiligheidspolisie weer Timol se kamer deursoek. Hulle het na 'n skoolboek van hom gesoek. Sy het hulle gevra wie hulle gestuur het en hulle het gesê dat dit haar seun was.

Sy het hulle gevra waar haar seun is. „Wys tog asseblief my seun vir my."

Een van die polisiemanne sou haar geantwoord het: „Jy kan hom nie meer sien nie." Sy het gevra:

„Hoekom nie, meneer. My hart is seer. Ons vas nou." Die polisieman se antwoord was glo: „Hy moet pak kry," waarop mev. Timol geantwoord het: „Hoekom gee jy hom pak. Ek het my kind nie pakgegee nie."

PAKGEE

Die Veiligheidsman sou haar toe antwoord: „Jy het hom nie pakgegee nie, daarom gee ons hom pak."

In haar verklaring sê mev. Timol ook dat sy Afrikaans goed kan praat en verstaan. Gister in die hof het sy gesê sy kan nie goed Afrikaans praat nie en 'n Indiër tolk moes vir haar tolk.

Sy het getuig dat Timol in die sestigerjare drie jaar oorsee was op 'n pelgrimsreis na Mekka en Madena. Hy het gereeld vir hulle geskryf. Sy kon egter nie onthou presies wanneer hy weg is nie.

Sy was nie bewus daarvan dat daar berigte was dat haar seun 'n kommunis was nie, het sy gesê. „Ek kyk altyd na die prentjies en vra iemand om vir my die koerante te lees."

Mev. Timol het getuig dat sy nooit vir die polisie gevra het waarom hulle haar seun aanhou nie. Die polisie het glo net gesê haar seun was 'n „slegte" mens en dat sy hom nie meer kan sien nie. Sy het gesê sy het nooit daarna probeer uitvind waarom hy aangehou is nie.

Mnr. S. A. Cilliers wat namens die polisie optree, het haar gevra of sy sedert die ondersoek begin het, in die hof was en al die getuienis gehoor het. Sy het bevestigend geantwoord.

Op 'n vraag of sy nou al weet waarom haar seun aangehou was het sy geantwoord. „Ek weet nog nie waarom hy aangehou was nie."

Landdros De Villiers het die ondersoek verdaag tot Maandagoggend.

● **Lees ook berig op bl. 5**

DIE TRANSVALER, VRYDAG 28 APRIL 1972